Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

BESIGHEIDSTUDIES

PUNTE: **300**

TYD: **3 uur**

* B U S T A *

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al VIER hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.
   Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**40**	**30**
B: VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige DRIE.	**2**	**60**	**30**
	3	**60**	**30**
	4	**60**	**30**
	5	**60**	**30**
	6	**60**	**30**
C: VIER opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**7**	**40**	**30**
	8	**40**	**30**
	9	**40**	**30**
	10	**40**	**30**
TOTAAL:		**300**	**180**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ens.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Hierdie Wet is ingestel om eenvoudige prosedures vir die beslegting van arbeidsgeskille in die werkplek te bevorder:

A Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)
B Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)
C Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005)
D Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)

1.1.2 Die rol van SOOO's (SETA's) is om …

A geakkrediteerde diensverskaffers aan te stel.
B diskriminasie in die werkplek uit te skakel.
C werkers vir werksverwante beserings te vergoed.
D werknemers op te lei.

1.1.3 PB Bank spesialiseer in die verskaffing van finansiële dienste aan individue en besighede. Hulle is in die … sektor werksaam.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D openbare

1.1.4 Michelle het R30 000 vir twee jaar teen 12% saamgestelde rente per jaar in ŉ vaste deposito by ŉ finansiële instelling belê. Michelle sal … rente na twee jaar verdien.

A R7 632
B R7 200
C R3 600
D R37 632

1.1.5 ŉ … leier motiveer werkers deur hulle te vertrou om dinge op hul eie/self te doen.

A Burokratiese
B Demokratiese
C Outokratiese
D Laissez-faire-/Vryeteuels-

1.1.6 ŉ Voorbeeld van ŉ nie-versekerbare risiko:

A Waarborg-/Getrouheidsversekering
B Natuurrampe
C Beserings op persele
D Winkeldiefstal

1.1.7 Gedurende hierdie stadium van spanontwikkeling word verskille tussen spanlede waardeer en die span bereik hul doelwitte:

A Vorming
B Prestasiestadium
C Normeringstadium
D Bestorming

1.1.8 Die proses wat ŉ bestuurder gebruik om die beste oplossing te kies, staan as … bekend.

A probleemoplossing
B roetinedenke
C besluitneming
D dinkskrum

1.1.9 ŉ Deeglike begrip van die bestuur van die voorraad/verskaffings-ketting te hê is ŉ manier om die gehalteprestasie in die …-funksie te verbeter.

A aankope
B algemene bestuur
C openbare betrekkinge
D produksie

1.1.10 Mnr. Smith het besigheidsprodukte sonder toestemming geneem, daarom was die rede vir die beëindiging van sy indiensnemingskontrak dié van …

A aftrede.
B ontslag.
C bedanking.
D aflegging.

(10 x 2) (20)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

videokonferensie; KMV; assosiasie; interne; Wet op Verbruikersbeskerming; eksterne; KMI; uitdrukking; Nasionale Krediet; wet geskrewe verslag

1.2.1 Die … maak voorsiening vir verbruikers om toegang tot skuldberading te kry.

1.2.2 Inligting in die vorm van ’n … is ’n voorbeeld van ’n nieverbale aanbieding.

1.2.3 Die … fokus op die verbetering van die beeld sowel as die verhoging van die winste van ’n besigheid.

1.2.4 Die reg van werknemers om by vakbonde aan te sluit, staan as vryheid van … bekend.

1.2.5 Netwerkvorming is ’n voorbeeld van … werwing.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Ontbondeling	A 'n inspeksie wat gedurende en na die produksieproses uitgevoer word
1.3.2 Beperkte aanspreeklikheid	B onderhoudvoering met applikante
1.3.3 Konflik	C 'n werknemerklagte wat met swak werksomstandighede verband hou
1.3.4 Sifting	D 'n inspeksie van die finale produk om te verseker dat dit aan die vereiste standaarde voldoen
1.3.5 Gehalteversekering	E eienaar se persoonlike bates is beskerm teen die skuld van die besigheid
	F wanneer besighede alle bates verkoop om hul krediteure te betaal
	G om agtergrond van applikante na te gaan
	H meningsverskil tussen twee of meer partye in die werkplek
	I eienaar se persoonlike bates kan gevat word om vir die skuld van die besigheid te betaal
	J wanneer besighede sommige bates verkoop wat nie meer winsgewend is nie

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy, ens.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem die DRIE soorte verdedigingstrategieë/defensiewe strategieë. (3)

2.2 Omskryf in breë trekke enige VIER stappe in die evaluering van ŉ strategie. (8)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PERFEKTE RAAMVERVAARDIGERS (PRV)
Perfekte Raamvervaardigers neem tien werkers in diens om deurrame te vervaardig. PRV vereis dat hul vroulike werknemers onmiddellik nadat hul geboorte gegee het by die werk aanmeld. Werkers mag ook nie tyd af kry om die begrafnis van ŉ familielid by te woon nie.

2.3.1 Identifiseer TWEE bepalings van verlof soos voorgeskryf in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) waaraan PRV nie aan voldoen nie. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn om VRAAG 2.3.1 te beantwoord.

BEPALING VAN VERLOF	MOTIVERING
1.	
2.	

2.3.2 Evalueer die impak van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) op PRV. (8)

2.4 Beskryf die doel van die Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998). (6)

2.5 Verduidelik die Menslikehulpbron-ontwikkelingstrategie. (6)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KUIKEN HOENDER PLAAS (KHP)

Kuiken Hoender Plaas spesialiseer in die produksie van pluimvee. Kevin, die boer, het geen kennis van pluimveeboerdery nie. KHP het meer as die helfte van hul kuikens as gevolg van ʼn swaar reënstorm verloor. Die verskaffers van hoenderkos het hulle pryse met 30% verhoog.

Gebruik die tabel hieronder as ʼn riglyn om die vrae wat volg te beantwoord.

UITDAGINGS (2.6.1)	BESIGHEIDSOMGEWINGS (2.6.2)	MATE VAN BEHEER (2.6.3)
1.		
2.		
3.		

2.6.1 Haal DRIE uitdagings wat KHP moet hanteer uit die scenario hierbo aan. (3)

2.6.2 Klassifiseer ELKE aangehaalde uitdaging in VRAAG 2.6.1 volgens die besigheidsomgewing. (3)

2.6.3 Noem die mate van beheer wat KHP oor ELKE besigheidsomgewing het. (3)

2.7 Bespreek die voordele van intensiewe strategieë vir besighede. (6)

2.8 Gee besighede raad oor hoe die volgende magte van Porter se Vyf Kragte-model toegepas kan word:

2.8.1 Bedingingsmag van kopers/Kopersmag (4)

2.8.2 Mededingende wedywering (4)

[60]

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

3.1 Noem enige DRIE soorte voorkeuraandele. (3)

3.2 Omskryf in breë trekke die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs Bpk. (JSE). (8)

3.3 Identifiseer die tipe beleggingsgeleentheid wat vir Fred beskikbaar is in ELKE stelling hieronder:

3.3.1 Fred sal ŉ stem ontvang en die reg om ŉ dividend te ontvang.

3.3.2 Fred koop ŉ stuk grond en ontvang huur van Eco Plase.

3.3.3 Fred se belegging word saamgevoeg met ŉ aantal beleggers en word deur ŉ fondsbestuurder bestuur.

3.3.4 Fred word uitgenooi om R500 in Masikhule Spaarskema te belê. (4 x 2) (8)

3.4 Verduidelik die belangrikheid/voordele van versekering vir besighede. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LUKE LEER SAKKIES (LLP)
Luke Leer Sakkies spesialiseer in die vervaardiging van leer selfoon-sakkies. Luke is die enigste eienaar van die besigheid en is ook aanspreeklik vir al die besigheidskuld.

3.5.1 Noem die ondernemingsvorm van LLP. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.5.2 Beskryf die suksesfaktore van die ondernemingsvorm wat in VRAAG 3.5.1 geïdentifiseer is en dié van ŉ private maatskappy.

Gebruik die tabel en kriteria hieronder as ŉ riglyn om VRAAG 3.5.2 te beantwoord.

KRITERIA	ONDERNEMINGSVORM GEÏDENTIFISEER (3.5.1)	PRIVATE MAATSKAPPY
(a) Bestuur		
(b) Wetgewing		
(c) Verdeling van winste		

(12)

3.6 Verduidelik die faktore wat ter voorbereiding van ŉ aanbieding in ag geneem moet word. (8)

3.7 Beveel TWEE situasies aan waarin ŉ demokratiese leierskapstyl in die werkplek toegepas kan word. (4)

3.8 Analiseer die impak van ŉ outokratiese leierskapstyl op ŉ besigheid. (8)

[60]

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

4.1 Gee VIER voorbeelde van onbillike reklame. (4)

4.2 Omskryf in breë trekke die oorsake van konflik in die werkplek. (8)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MOOI MOTORS (MM)

Mooi Motors wil die ontwerp van sommige van hul motors verander. Werknemers word versoek om eers hul eie idees te genereer en om dit dan met ander groepslede te deel. Die bestuur het ook ontwerpdeskundiges genader om ŉ vraelys te voltooi oor hoe om die ontwerpe te verander.

4.3.1 Identifiseer TWEE probleemoplossingstegnieke wat deur Mooi Motors gebruik word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn om VRAAG 4.3.1 te beantwoord.

PROBLEEM-OPLOSSINGSTEGNIEK	MOTIVERING
1.	
2.	

4.3.2 Bespreek die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (8)

4.4 Verduidelik die positiewe impak van korporatiewe maatskaplike/sosiale verantwoordelikheid (KMV/KSV) op gemeenskappe. (6)

4.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

JUWEEL MYNE (JM)

Juweel Myne spesialiseer in die ontginning van edelstene. Die bestuur is baie trots op die manier waarop die werknemers verantwoordelikheid neem vir hul eie veiligheid. Die werknemers rapporteer ook onveilige en ongesonde toestande aan die bestuur.

4.5.1 Haal TWEE verantwoordelikhede van werknemers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder uit die scenario aan. (2)

4.5.2 Verduidelik ander verantwoordelikhede van werknemers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek by Juweel Myne te bevorder. (6)

4.5.3 Stel strategieë voor wat Juweel Myne kan gebruik om die omgewing en menslike gesondheid in die werkplek te beskerm. (4)

4.6 Verduidelik hoe besighede die volgende diversiteitskwessies in die werkplek kan hanteer:

4.6.1 Taal (4)

4.6.2 Ouderdom (4)

4.7 Gee besighede raad oor hoe hulle konflik by die werkplek moet hanteer. (8)

[60]

VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

5.1 Noem TWEE soorte salarisvasstellingsmetodes. (2)

5.2 Omskryf in breë trekke die plasingsprosedure wat besighede behoort te volg om ŉ nuwe werknemer te plaas. (6)

5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TIER NAGKLERE (TN)

Maggie is uitgenooi na ŉ onderhoud by Tier Nagklere. Tydens die onderhoud het Maggie aandagtig geluister na die vrae voor sy hulle geantwoord het. Sy het oogkontak met die onderhoudvoerder gemaak en het vrae gevra om meer duidelikheid te verkry.

5.3.1 Haal DRIE van Maggie se rolle gedurende die onderhoud aan. (3)

5.3.2 Verduidelik die rol van die onderhoudvoerder gedurende die onderhoud. (8)

5.4 Onderskei tussen *posbeskrywing* en *posspesifikasie*. (8)

5.5 Verduidelik hoe gehalte-aanwysers in die finansiële-funksie tot die onderneming se sukses kan bydra. (6)

5.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

FAHIM SKOENE (FS)

Fahim Skoene is ʼn groot besigheid wat spesialiseer in die vervaardiging van kwaliteit ontwerperskoene. Die bestuur verseker altyd dat kliënteklagtes binne ʼn kort periode gehanteer word. Die werknemers woon gereeld opleidingskursusse by. Die bestuur laat personeel ook toe om insette tydens ontwerpersessies te lewer.

5.6.1 Identifiseer DRIE totale gehaltebestuurs-elemente (TGB/'TQM') wat deur Fahim Skoene toegepas is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (9)

Gebruik die tabel hieronder as ʼn riglyn om VRAAG 5.6.1 te beantwoord.

TGB/'TQM'-ELEMENTE	MOTIVERING
1.	
2.	
3.	

5.6.2 Gee Fahim Skoene raad oor die voordele van ʼn goeie gehaltebestuurstelsel. (6)

5.7 Bespreek die negatiewe impak op besighede indien TGB swak geïmplementeer word. (6)

5.8 Evalueer die impak van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels op groot besighede. (6)

[60]

VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWINGS

6.1 Identifiseer die betrokke pilaar van die Wet op Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) waaraan ABC Boeke Bpk. in ELKE geval hieronder voldoen het:

6.1.1 Die aankoopbestuurder gebruik Gelukkige Boek Verskaffers wat aan BBSEB voldoen.

6.1.2 ABC Boeke Bpk. skenk boeke aan ʼn plaaslike landelike skool.

6.1.3 Die bestuur reik aandele uit aan al hul langdienende werknemers.

6.1.4 Litha, ʼn storieboekskrywer, word aangemoedig om ʼn kreatiewe skryfwerkwinkel by te woon.

(4 x 2) (8)

6.2 Verduidelik die verskille tussen *markontwikkeling* en *produkontwikkeling*. (8)

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

6.3 Identifiseer die ondernemingsvorm in ELK van die stellings hieronder geïllustreer word:

6.3.1 Khan Bpk. mag die publiek uitnooi om aandele te koop.

6.3.2 Die direkteure van Hello PAM is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die skuld van die besigheid.

6.3.3 Sout Speserye word deur Sarah en Sive besit en bestuur en hulle is persoonlik aanspreeklik vir die besigheid se skulde.

(3 x 2) (6)

6.4 Beskryf die rol van persoonlike ingesteldheid/houding in suksesvolle leierskap. (8)

BESIGHEIDSROLLE

6.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KRISTAL BRILLE (KB)

Kristal Brille neem werkers van verskillende kulturele agtergrond en ras in diens. Die werknemers het goeie interpersoonlike verhoudings en toon wedersydse respek teenoor mekaar ten spyte van hul verskille. Die werkers ondersteun en vertrou mekaar en het eerlike besprekings wat aanleiding gee tot effektiewe oplossings van probleme.

6.5.1 Haal aan VIER karaktereienskappe van ŉ suksesvolle span wat die werkers van Kristal Brille ten toon stel. (4)

6.5.2 Bespreek die voordele daarvan dat Kristal Brille ŉ diverse werksmag het. (6)

6.6 Stel maniere voor waarop besighede die kulturele regte in die werkplek kan bevorder. (6)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

6.7 Omskryf in breë trekke die belangrikheid van gehaltesirkels. (4)

6.9 Onderskei tussen *gehalteprestasie* en *gehaltebestuur*. (4)

6.10 Gee besighede raad oor hoe totale gehaltebestuur (TGB/'TQM') ŉ impak op die vermindering van die koste van gehalte kan hê. (6)

[60]

TOTAAL AFDELING B: 180

AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 7 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 8 op ŉ NUWE bladsy, ens.

VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes ('COIDA'), 1997 (Wet 61 van 1997) erken dat werkers aan gesondheidsrisiko's in die werkplek blootgestel is en dat werkplekverwante ongelukke kan plaasvind. Besighede wat nie aan hierdie Wet voldoen nie, sal gepenaliseer word.

As ŉ kenner oor huidige wetgewing, skryf ŉ opstel oor die volgende aspekte:

- Verduidelik die doel van 'COIDA'.
- Bespreek die strafmaatreëls/gevolge wat vir nie-voldoening aan 'COIDA' opgelê kan word.
- Analiseer die impak van 'COIDA' op besighede.
- Beveel maniere aan waarop besighede aan 'COIDA' kan voldoen. **[40]**

VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (VERSEKERING EN AANBIEDING)

Me. Witbooi is die besturende direkteur van Verseker Sukses Bpk. Sy moet ŉ aanbieding oor die verskillende tipes versekering by ŉ vergadering van besigheidseienaars doen. Sy wil ŉ PowerPoint aanbieding en inligtingstukke gebruik om haar aanbieding se kwaliteit te verbeter. Sy is kundig oor versekeringsaspekte, maar sy het nie die nodige selfvertroue om die gehoor se vrae te beantwoord nie.

Skryf ŉ opstel waarin jy aan die volgende aspekte aandag gee:

- Onderskei tussen *verpligte* en *nie-verpligte versekering*.
- Verduidelik TWEE soorte verpligte versekering behalwe COIDA.
- Evalueer ŉ PowerPoints-aanbieding en inligtingstukke as visuele hulpmiddels om haar aanbieding te verbeter.
- Stel maniere voor waarop me. Witbooi op ŉ professionele wyse op terugvoering kan reageer.

[40]

VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE

Die uitdagings wat binne die besigheidsomgewing bestaan toets dikwels die etiese waardes en beginsels van organisasies en besigheidsmense. Die wyse waarop besighede sake doen moet professioneel, verantwoordelik en eties wees. Besighede moet die King-Kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur toepas.

Met verwysing na die stelling hierbo:

- Onderskei tussen *professionele gedrag* en *etiese gedrag*.
- Verduidelik hoe besighede die King-Kode-beginsels van deursigtigheid en verantwoordbaarheid/aanspreeklikheid moet toepas om hulle korporatiewe bestuur te verbeter.
- Stel maniere voor waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe besigheidspraktyke uitgevoer behoort te word.
- Beveel maniere aan waarop besighede misbruik van werktyd en prysbepaling van goedere in landelike gebiede as onetiese sakepraktyke kan aanspreek. **[40]**

VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

BLOU BAAI VISSERYE (BBV)

Blou Baai Visserye het onlangs vir Samar as hulle produksiebestuurder aangestel. Samar het ŉ indiensnemingskontrak ontvang wat byvoordele ingesluit het. Die bestuur het ook ŉ induksie-program vir Samar opgestel.

Hou die scenario hierbo in gedagte en skryf ŉ opstel oor die volgende aspekte:

- Omskryf in breë trekke die wetlike vereistes van ŉ indiensnemingskontrak.
- Bespreek die impak van byvoordele op Blou Baai Visserye.
- Verduidelik die doel van induksie as ŉ menslikehulpbronne aktiwiteit.
- Gee besighede raad oor die voordele van induksie. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou